





Dagsê uit n papnat Onrusrivier.
Selfs hier is wereld só omgekeer dat ons al weer ‘n keer donderweer gehad het. Soveel so, dat die weerlig die keer, een van die huise in Vermont se koorsteen raak geslaan het. Die stukke het tot in die buurman se jaart gevlieg. Hy en sy vrou het juis buite op hulle stoep gesit op daardie oomblik.
Dink jou net in hoe hard daai donderslag moes gewees het! Manlief vertel ons sy vroutjie het haar buite weste geskrik.
Dit herinner my aan ‘n soortgelyke insident toe ek nog by Plascon in Kuilsrivier gewerk het. Ek het elke dag saam met twee Duitsers uit Kaapstad gependel. Een van hulle was nog jonk en jukkerig. Hans het als wat ‘n rok dra gedurig probeer nader hark.
Gereeld op die lang rit werk toe, in een van die deinende Citroens wat soos n boot op water voel, moes ons luister na die man se manewales van die dag of aand tevore.
Een maandag-oggend gaan die gesprek aanvanklik oor die vreeslike donderstorm wat die kaap daai naweek getref het. Hans is toe ook nie links nie, en vertel ons hoe die storm hom eintlik n baie groot guns bewys het. Die woonstelle waar hy daar hoog teen leeukop gewoon het, is toe volgens hom, ook deur weerlig getref.
Op daardie oomblik was hy juis besig om nogmaals ‘n vergeefse indruk te probeer maak op een van ‘n paar dames wat hy oorgenooi het vir n glasie wyn. Die aanvallige blonde een op wie hy al lankal ‘n ogie gehad het, wou steeds niks weet nie.
Totdat die weerlig hier vlak by hulle slaan. Die volgende oomblik is Blondie pens en pootjies op sy skoot terwyl die ander maats buitentoe storm.
Toe die ander ‘n rukkie later terugkom vertel sy vir hulle hoe braaf en kalm haar nuwe held Hans was. Hy het net ewe stil daar bly sit sonder om te roer terwyl almal paniekbevange gevlug het.
Hans het darem ruiterlik aan ons erken dat hy so groot geskrik het vir daai donderslag dat hy heeltmal versteen het en glad nie kon roer nie, al wou hy met alle mag opvlieg en ook uithardloop!

Groete,



# S.A. BERGPASSE

## Houwhoekpas (Die een bo-aan die bladsy)

Sir Lowry se Pas is vir die eerste keer in 1830 teen die hange van die Hottentots-Hollandberge agter Hottentots Holland (soos Somerset-Wes destyds genoem is) gebou. Dit was ’n geweldige verbetering op die berugte Hottentots-Hollandkloof, maar dit het verkeer slegs tot bo op die “Greenlands”-plato gebring – waar Grabouw en die appelplase vandag lê.

Reisigers wat verder oos na die gepas benoemde Overberg wou gaan, moes egter weer van die plato afkom. Ongeveer 25 kilometer van Sir Lowry se Pas af het die roete oor die oostelike rand van die plato geloop. Hierdie afdraande het later bekend geword as **Houwhoekpas**.

Volgens oorlewering het **Hieronymus Cruse** reeds in 1669 hierdie roete gevolg toe hy op pad was om vee in die Riviersonderendvallei te ruil. Ander het later in sy voetspore gevolg met dieselfde doel. Dit lyk egter asof hulle heelwat noord van die huidige pas oor die berge gegaan het.

Die Sweedse huursoldaat **Olaf Bergh** was in 1682 die eerste persoon wat met waens – hy het twee gehad – oor die berge gegaan het. Hiervoor moes hy ’n ander roete volg. Hy het die rand van die plato ongeveer oorgesteek waar die huidige pad vandag loop.

**William Burchell** het sy indrukke opgeteken toe hy die berg hier in 1811 uitgeklim het:

“Ons het by ’n kort maar ruwe bergreeks gekom waar ons, via ’n uiters slegte pad, die rotsagtige pas van **Groot Houwhoek** uitgeklim het. Hierdie plek word baie gevrees deur dié wat dit met waens moet oorsteek; hoewel dit nie so steil soos die Hottentots-Hollandkloof is nie, is dit moeiliker. Omdat dit deel van die Groot Oosweg is, kan dit nie vermy word nie.”

Toe daar later besluit is om ’n ingenieursontwerpte pas teen die westelike rand van die plato te bou – **Sir Lowry se Pas** – was dit ook nodig om een teen die oostelike rand te bou. Hierdie **Houwhoekpas** sou later een van **kolonel Charles Michell** se gedenkwerke word.

Michell het die eerste geboude Houwhoekpas as deel van dieselfde projek as Sir Lowry se Pas laat bou. Omdat dit egter van minder belang geag is, is dit eers **nege maande later voltooi**, naamlik in **April 1831**. Die koste daarvan is aangeteken as **£600**, terwyl **£3 000** aan Sir Lowry se Pas bestee is.

Die bou van hierdie pas het uiteindelik die opening van die pad oor die bergversperring na die Kaapse mark voltooi. Aangesien meer as **4 500 waens** jaarliks oor die ou passe moes worstel, het die Overbergers hierdie verbetering baie waardeer. Die opening is gevier met ’n **trekboerfees**, met kanonskote en ’n vinnige rit na die kruin in ’n perdegetrekte voertuig – ’n simboliese bevestiging dat die era van die ossewa besig was om tot ’n einde te kom.

Selfs vandag kan ’n mens, as jy daarna soek, klein herinneringe vind dat die bou van bergpasse die binneland oopgestel het vir **ligter, vinniger perdegetrekte voertuie**. Dit het kommunikasie vergemaklik en die oorgang van bestaansboerdery na markgerigte boerdery ekonomies meer lewensvatbaar gemaak. Die lewenstandaard in die binneland kon verbeter soos min ander dinge dit kon doen. **Vervoerverbindinge was ’n noodsaaklike komponent van die ekonomiese ontwikkeling van ons land – en is dit natuurlik steeds so!**


# Dié Maand se Giggels















# Elsbeth ry E-fiets deur Europa




Nadat ek vir ‘n paar dae die e-bike gehuur het en ons terug in Oelegem kom (België) het ek besluit om ‘n e-bike vir myself aan te skaf. Ek het toe na Decathlon gegaan in Antwerpen en na hul fiets afdeling gegaan. Daar kon ek dieselfde fietse sien soos wat ek gehuur het in Porto, maar toe is daar ‘n ander fiets wat genoem word BAYCK. Dit was ‘n meer elegante tipe van fiets en bedoel vir ‘n dame waar jy nie jou been hoef oor die saal te swaai nie. Die verkoopsman is toe ook die eienaar van die fabriek van Bayck. Hy wys toe op so ‘n skerm wat jy alles op hierdie fiets kan vind en hoe dit op verskillende maniere lyk soos jy die skerm aanraak. Daar is ook goeie advertensies oor die fiets gemaak en omdat Europa wel erg fietsvriendelik is, is daar vreeslik baie fietse om van te kies. As mens op ‘n rekenaar gaan opsoek wat die beste is dan sien jy fietse met voorwielaandrywing en ook fietse met die aandrywing in die pedale. Ek het een gekies met die voorwielaandrywing, maar as jy ‘n fiets koop dan kan jy dit nie dadelik kry nie. Oral moet jy maar wag op ‘n fiets wat afgelewer moet word. Dis nie soos in Suid-Afrika wat jy na ‘n fietswinkel gaan en ‘n fiets kan kry wat min of meer by jou sal pas nie. Daar word na jou lengte gekyk ens. Hierdie fiets se battery het voor jou in die raam gesit en dit het selfs ‘n plek waar jy jou selfoon kan laai. Dus terwyl jy ry en jou fiets vasmaak voor jou op die raamwerk kan jy tegelykertyd jou selfoon laai. Dit maak dit uiters handig. Maar hierdie fiets was nie beskikbaar nie en jy moes wag daarvoor. Dit was van ‘n fabriek uit Holland en almal kry hul batterye uit die Ooste bv Taiwan.

Dit moet per skip na Europa kom. Dus vir een of ander rede het ons altyd die hulp van Taiwanese en Chinese nodig vir bv batterye wat vir een of ander rede nie in Europa vervaardig kan word nie. Jy kan met die fiets ry sonder dat jy van die battery afhanklik is ook, maar dit help jou om net makliker te kan trap. Die battery wat ek gekry het kan hou vir ongeveer 80km. Dan moet jy dit weer laai. Ek kom net elke jaar vir 3 maande na Europa en ek stoor die battery in ‘n kas ten volle gelaai. As ek na 9 maande weer terugkom is die battery nog steeds vol.

Dan sit ek dit weer op die fiets. Ek wil die fiets toe laat diens maar want jy kan net jou fiets by die mense waar jy jou fiets gekoop het laat diens. Toe is die fabriek bankrot en niemand anders wil aan jou fiets raak nie. Toe pak die fiets op voordat ons wil vertrek. Ons neem dit toe na ‘n persoon wat altyd met fietse werk by sy huis in die dorp. Hy het lank gewonder wat hy sal doen en die uiteinde was dat hy toe ‘n magneet vat en dit teen die fiets hou en die magneet sit toe vas en daar besluit hy om swyswerk aan die fiets te doen. Hy het by ‘n ander ou fiets dele afgehaal. Dit was by die vurk se onderdeel waar dit aan die wiel vaskom wat ons ontdek het dat toe hul ‘n voorrak opgesit het dat hul die skroewe te styf vasgemaak het en dit het daardie deel geskeur.
Dit was dus lewens gevaarlik om met die fiets te ry. Die man kon dit verstewig en die fiets was sterker as ooit. Ek het intussen voordat dit reggemaak is op die internet vir ‘n ander e-bike gesoek. Ek vind toe ‘n plek waar jy ‘n fiets kon huur.
**(Volgende maand, die afgryslike pryse van fietse)**

*Elsbeth*

# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,
Dit is weer tyd vir die volgende 3 blommetjies vanuit St Helenabaai omgewing.

Die eerste een is die mini drumsticks (Zaluzianskya parviflora). Dit is n eenjarige plant, gewoonlik onderlangs vertak. Blommetjies is baie klein en saamgedrom aan die punte van die blaarryke takkies. Roomkleurig met n geel ogie. Blomtyd is September. Beperk tot granietkoppies van St Helenbaai tot Darling.







Die tweede blom is die bont viooltjie (Lachenalia mutabilis) Dit is n geofiet met een blaar, dikwels met fyn spikkeltjies. Blommetjies kom in digte aar, die boonste gereduseer. Blomtyd is Julie tot September in klipperige sandgrond en op granietkoppies. Kom voor van Namakwaland tot Langebaan;

Die derde blom is die Tandpynwortel (Stoibrax Capense). Dit is n eenjarige plant wat van die grond af vertak, stingels met n wit dons. Blare is fyn verdeel, amper soos die van n geelwortel sin. Blomme is in spreidende trosse, en baie klein en wit. Blomtyd is September tot November. Kom voor op sanderige gelyktes of hellings vanaf Gifberge tot Caledon. Groete uit die Weskus tot volgende maand. *Derek*



# SPREEKWOORDELIKS

## ‘Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd ‘n sedeles, die ander ‘n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het ‘n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Kool:** Die kool is die sous nie werd nie (die saak is die moeite nie werd nie)
Dit beteken dat 'n volop groente soos kool nie die moeite werd is wat aan die voorbereiding van die sous bestee word nie. In Nederlands is die uitdrukking die sop is die kool nie werd nie.

**Kous:** Met die kous oor die kop huis toe kom (teleurgesteld terugkom)
As 'n handelaar in vroeër eeue na sy swerftog bedroë teruggekeer het, sonder geld vanweë 'n rampspoedige transaksie, of selfs beroof sodat hy nie eers sy hoed oorgehou het nie, het hy sy kous oor sy kop getrek van skaamte en om sy kop te beskerm.

**Kraam:** Iets pas in iemand se kraam (iets is presies wat iemand wil hê)
Dié kraam het die betekenis van "stalletjie waar iets verkoop word, byvoorbeeld by 'n kermis".

**Kreti(e)**: **Die Kreti(e) en die Pleti(e)** (die hele spul; die gepeupel; die groot massa)
Die Kreti en die Pleti was die twee afdelings van die lyfwagte in diens van koning Dawid. Hulle was huurtroepe, maar die betekenisverandering na "die gepeupel, die groot massa" word nêrens verklaar nie. Daar is lank gesê dat die Kreti die Suid-Filistyne en die Pleti die Noord-Filistyne was. In Hebreeus beteken kreti "uitroei, doodmaak" en pleti "ontvlug, weghardloop". Hulle was weliswaar die skerpregters en die boodskappers van die koning.

**Krokodiltrane**: Krokodiltrane huil (huigel, veins)
Dit is oorspronklik gesê wanneer iemand op ‘n skynheilige, geveinsde manier trane stort. 'n Latere ontwikkeling was dat mense dit gelykgestel het aan lang trane huil, wat met spyt en onbarmhartigheid verband hou. Die oudste verklaring is dié wat Photius, die patriarg van Konstantinopel, in die 9de eeu v.C. gegee het. Daarvolgens sou die dier 'n geluid maak soos 'n kind wat huil om sy slagoffers te lok, en dan boonop huil terwyl hy sy slagoffer vreet. Hy sou dan ook huil omdat daar so min vleis aan die kop van sy slagoffer is, volgens 'n Griekse oorlewering van die 4de eeu. Ander het geglo dat die monster nie so harteloos is nie, maar huil omdat hy so 'n wrede daad moes doen. Sommige sê dat die gesegde bloot verwys na merke onder sy oë wat soos trane lyk. Wat nader aan die waarheid is, is dat die krokodil se traankliere baie vloeistof afskei as hy eet en dat dit tot die uitdrukking aanleiding gegee het.






Landros Dowling was maar doof en hy het sy gehoorapperaat op die regbank staande gehad met die kabel behoorlik gekonnekteer toe hy n beskuldigde vra of hy iets te se het om versagting van sy vonnis.

Beskuldigde: “Ja, maar dan moet die oubaas eers ophou om na die wireless te luister.”

Daar is die storie van die beskuldigde wat homself verdedig het in die Rondgaande Hof in Oos Kaapland. Nadat die getuie vertel het hoe die beskuldigde die oorledene doodgeslaan het, kry hy die geleentheid om die getuie te ondervra. Daar is toe n lang gesprek in Xhosa tussen home n die tolk.

Die regter tree tussenby: “Wat vra hy meneer die Tolk”
Die Tolk “ Hy vra n irrelevante vraag u Edele”
Die regter tree tussenby: “Wat vra hy meneer die Tolk”
Die Tolk “ Hy vra n irrelevante vraag u Edele”|
Regter “Dit is vir my om te besluit of die vraag irrevant is en nie vir u nie. Wat vra hy.”
Tolk: “Hy vra waar koop die oubaas daardie rooi kombers en wat kos dit.”




Gedurende die Franse toer na S.A. in 1958 het een spesifieke Franse speler baie moeilikheid in een toets veroorsaak. Hy het die Springbok-voorspelers erg geirriteer met sy gebruik van elmboe, vuiste en stewels, en dit het tyd geword dat iemnd ‘n einde moes bring aan die probleem.
Maar in daardie dae kon ‘n skeidsregter nie sommer in so n groot wedstryd ‘n speler vir vuilspel afstuur nie, aangesien dit n internasionale insident sou veroorsaak.
Die vurige Springbok- flank Martin Pelser het egter genoeg gehad en toe hy sy kans sien, vel hy die sondaar met n netjiese hou neer. Terwyl die spelers rondom die bedwelmde Frans-man saamdrom, kom staan die skeidsregter so ongemerk langs Pelser en laat hoor “*Dankie, maat, jy moes hom al lankal gemoer het!”*




Liewe Lesers!

O wee! Hier is nou 'n regte bederf vir julle! Geniet dit en moenie skuldig voel nie! Skuldig voel is totaal 'over-rated'!! So maak mens Peppermint Crisp Mousse!

**2 eiergele**
**80 ml (⅓ k) strooisuiker**
**250 ml (1 k) melk**
**100 g donkersjokolade**
**250 ml (1 k) room**
**1 stafie Peppermint Crisp, gerasper**
**15 ml (1 e) gelatien, gespons in 45 ml (3 e) water**

Verhit die melk in 'n kastrolletjie tot net voor kookpunt.
Klits die eiergele en suiker saam, meng 'n bietjie melk by en voeg dan die hele mengsel by die res van die melk.
Roer aanhoudend en verhit tot effens verdik.Verwyder van die hitte en voeg die sjokolade by.
Roer tot gesmelt, bedek met kleefplastiek en laat afkoel.
Klits die room tot styf en vou die sjokolade-vla en die Peppermint Crisp daarby in.
Verhit 'n paar sekondes in die mikrogolf tot net gesmelt.
Vou by die sjokolademengsel in, skep in glasies en verkoel tot gestol.
Sit voor saam met ekstra geklopte room en Peppermint Crisp-sjokolade.

Bron: Huisgenoot

Groetes tot volgende keer! Retha






Die Suid Afrikaanse Toernooi vind gewoonlik oor 5 dae plaas. Daar is 22 bonde wat met hulle 5 spanne elk in 5 verskillende afdelings meeding.

Hier volg dan nou ‘n paar feite wat deur talle mense nie besef word nie.

Gedurende die 5 dae speel elke speler 21 wedstryde van ‘n uur en ‘n kwart elk, of andersom gestel ses-en-twintig en ‘n kwart uur wedstrydtyd binne 5 dae. Daar is voorwaar min sportsoorte waarin ‘n speler in die loop van 5 dae, ses-en-twintig en ‘n kwart uur wedstryd speel. En dit altyd onder die hoogste spanning, want as dit jou beurt is om te gooi, is jy man alleen en nie soos in baie ander sportsoorte waar jou ander spanmaats nog die spel kan voortsit en jou foute regmaak nie.

Dit is meer as 12 keer die afstand tussen Kaapstad en Johannesburg…

As ‘n mens in ag neem dat daar enigiets van 26 tot 32 gooibeurte per trek (wedstryd) is, en die gemiddelde op 29 bereken, is die minimum afstand wat deur elke speller gedurende die toernooi gestap word, meer as 30 kilometer. En dit is net van staanplek tot staanplek. As die afstand wat nog gestap word om penne te gaan optel, of om ‘n meter of ‘n lap te gaan haal om die hande mee af te vee te gaan haal, plus die loop tussen wedstryde om ‘n koeldrank of tee te gaan nuttig en om van baan te verwissel tussen trekke, asook die 4 na 5 gooibeurte wat gegooi word tussen trekke om die spiere los te hou, asook die uur wat vroeg in die oggend geoefen word voor

die aanvang van die eerste wedstryd, is dit heel veilig om te se dat elke speler gedurende die week minstens 40 kilometer stap. 40 kilometer in die 5 dae is 8 kilometer per speler per dag. Vir 440 spelers gee dit 3520 kilometers per dag en 17 600 kilometer vir al die spellers vir die week. Dit is meer as 12 keer die afstand tussen Kaapstad en Johannesburg.

‘n Skei weeg enigiets tussen 1.4 en 1.8 kg, gemiddeld dus 1.6 kg. Elke speler gooi sy 2 skeie ongeveer 190 keer per dag of te wel 380 skeie, oefentye ingesluit, oor ‘n afstand van tussen 12 en 16 meter, gemiddeld dus 14 meter. Vir 5 dae gooi ‘n speler dus ongeveer 1 900 skeie oor ‘n gemiddelde afstand van 14 meter. Teen ‘n gemiddelde massa van 1.6 kg gewig of dan wel 3 ton gedurende die week oor ‘n afstand van gemiddeld 14 meter of dan wel 26 600 meter gedurende die week. Vir die 440 spelers op die toernooi is dit meer as 1 337 ton, oor ‘n afstand van 11 704 000 meter of te wel 11 704 kilometer. Dus kan gesê word dat die spelers op die toernooi 1 337 ton, 11 704 kilometers verskuif oor ‘n tydperk van 5 dae.

Elke speler buk dus minstens 380 keer per dag om sy skei op te tel, of te wel 1900 keer in die week. As in aanmerking geneem word dat 90% van die skeie die pen tref, moet daar nog 1 710 keer gebuk word om die pen op te tel en weer te steek. Dan is dit ook so dat die dwarstou feitlik elke keer gespan word om die pen op sy regte plek te steek en mens buk om dit te kan doen.

Dit klink miskien eenvoudig maar probeer dit vir een week en voel hoe u aan die einde van die week voel, dit werk beslis op die arm, been en boudspiere. En dan is daar nog mense wat dink dat jy nie fiks hoef te wees om jukskei te speel nie

Fires Van Vuuren – Hoedspruit



# Die Reinderd Waarheid

Die Tyd Toe 500 Vlugteling-Kinders In Oudtshoorn Kom Kuier Het.

Deur Reinderd Visser

**DEEL EEN**





Daar was 'n tyd toe Oudtshoorn as Klein Jerusalem, of Die Jerusalem van Suid-Afrika, bekend gestaan het. Aan die einde van die 1800's het talle Joodse gesinne - vlugtelinge van vervolging uit Litaue - hulle in die Klein-Karoo kom vestig. Met uiteindelik meer as 600 Joodse gesinne wat rondom 1914 in die dorp en omgewing gewoon het, was Klein Jerusalem dus 'n heel gepaste naam.

Wie sou egter kon dink dat Oudtshoorn in die 1940's nog 'n titel sou bykry. Die dorp het van 1943 tot 1947 vyfhonderd vlugteling-kinders, baie van hulle weeskinders, gehuisves en die betrokke kinders het na die kinderhuis waar hulle gebly het, as Klein Pole verwys.

Maar wie was hierdie kinders? Hoe het baie van hulle wees geraak? En hoekom Klein Pole? Wat het hulle alles op Oudsthoorn gedoen en ervaar? En wat het van hulle geword nadat hulle die dorp verlaat het? Hierdie is almal vrae waarvan ek kortliks in hierdie stuk die antwoorde wil vind. Stap gerus die pad saam met my, as jy wil.

**1. Oorlog in Pole**

Net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, in Augustus 1939, het Rusland en Duitsland 'n geheime ooreenkoms geteken waarin Pole tussen die 2 lande verdeel is. Op 1 September het Duitsland die Westelike deel van Pole ingeval, wat ook die begin van die oorlog ingelui het. Die Russe het nie op hulle laat wag nie en kort daarna die Oostekant van die land ingeval en geannekseer. Honderde-duisende Pole is oor die volgende paar jaar deur die Russiese Leër na Rusland ontvoer, baie tot so vêr as die berugte Siberië in die Ooste, om daar as dwangarbeiders ingespan te word. Die kinders van ons verhaal was deel van diegene wat die haglike omstandighede van Siberië moes verduur.

Die verhouding tussen Rusland en Duitsland het in 1941 versuur toe Hitler Rusland, teen hul aanvanklike ooreenkoms, ingeval het. Die Poolse regering, wat in ballingskap in Brittanje was, kon nou suksesvol met Rusland onderhandel en het ooreengekom dat hul landgenote wat in werkerskampe en tronke was, vrygelaat sou word. Die jong manne is opgeroep en so is ‘n Poolse leër op die been gebring om teen Duitsland te veg. Die vroue en kinders kon via ‘n land soos Iran na gebiede onder Britse beheer in die Midde-Ooste en Afrika afgevoer word.

# Jan Smuts, het uiteindelik ingestem...

**2. Vlugteling-kinders in nood**

In 1943 het daar egter ‘n krisis ontstaan toe Rusland hom van die ooreenkoms onttrek het en  daar nog ongeveer 10 000 kinders was wat geplaas moes word. Die Poolse regering het ‘n beroep op Geallieërde lande gemaak om die kinders in te neem. Verskillende lande, onder andere Indië, Libanon, Kenia, Tanzanië, Zambië, Nieu Zeeland en Mexiko het van hierdie kinders onder hul sorg geneem. Die Poolse konsul-generaal in Pretoria het by die Suid-Afrikaanse regering ‘n pleitdooi gelewer om ook van hierdie kinders te akkommodeer. Die premier, Veldmaarskalk Jan Smuts, het uiteindelik ingestem dat 500 van hierdie Poolse vlugteling-kinders tydelik na Suid-Afrika mag kom, en dat hulle op Oudtshoorn gehuisves sou word.

**3. Oudtshoorn – 1943 tot 1947**

Die verhaal van die 500 kinders wat na Suid-Afrika sou kom, begin egter met ‘n tragiese ramp. Die skip met die aanvanklike groep kinders is deur ‘n vyandige duikboot (óf Duits óf Japans) gesink en almal het verdrink. ‘n Tweede skip, die SS Dunera, het met nog 500 kinders,  201 meisies en 299 seuns en hul 51 versorgers aan boord, na Suid-Afrika vertrek. ‘n Paar weke later het hulle veilig in Port Elizabeth (nou Gqeberha) se hawe vasgemeer. Hier was die groep vir 2 weke in kwarantyn voordat hulle met ‘n spesiale trein na Oudtshoorn vervoer is. Hulle het op Saterdag 10 April 1943 by hul tuiste vir die volgende 5 jaar aangekom. As jy toevallig ‘n deel van jou militêre diensplig op die dorp gedoen het, sal jy presies weet waar hulle gewoon het - die stadsvaders het ‘n gedeelte van die weermagbasis aan die Westekant van die dorp in slaapplekke, klaskamers, eetlokaal en ‘n kapel vir die groep omskep.

Die mense het sommer van die Poolse kinderhuis gepraat (Dom Polskich Dziecli in Pools), maar die volledige naam was “ Polish Children’s Home of St Andrew Boboli”. Andrzej Bobola is een van die Katolieke beskermheiliges van Pole. Vader Franciczek Kubienski, ‘n Poolse priester, was die eerste hoof van die skool. Die onderwysers en personeel het streng gefokus op die behoud van hul Poolse tradisies en taal en so het die kinders van hul blyplek as Klein Pole begin praat. Op die foto sien jy juis van die seuns in tradisionele Poolse drag. En nou weet jy waarom ‘n deel van Oudtshoorn die bynaam Klein Pole gekry het.




Stephen Nel van Nieu Zealand skryf oor sy destydse werk hier in Duskantland…



Dit is die sestiger-jare en ek werk vir die stadsraad.

Voertuig-lisensiegelde word gehef volgens gewig en daarom bedryf die raad 'n weegbrug.
Dit word ook gebruik om vrag op voertuie te weeg.
'n Ou oom maak skrootmetaal bymekaar, sorteer dit en kom weeg dit met sy antieke ou lorrietjie alvorens hy dit dan volgens gewig aan die skrootmetaal handelaar verkoop. Hy moet elke keer 'n kwitansie voorsien vir die lee voertuig en ook met vrag ten einde die waarde te bepaal.

Op 'n dag let ek toevallig op dat hy 'n vrag met afval koper weeg. Hy klim uit die voertuig, maar 'n redelik "gesette" tannie bly sit op die passasier-sitplek. Toe hy terug kom met die lee voertuig is die tannie nie teenwoordig nie! Ek weet nie hoe lank hy met die slenter weggekom het nie, maar die tannie was sekerlik haar gewig in koper en ander metale werd!
*Groete, Stephen NZ*





*Môre Hennie*

*Ek is in Kempton Park, nou al 5 jaar uit getree en afgeskaal. Ek het nie af getree nie,*

*Ek wil egter nie meer as 30 ure per maand werk nie, op my tyd, en geen oproep, jy moet dringend n vergadering bywoon nie. Ek wil steeds beskikbaar wees as iemand my nader om hulle te help.*

*Steeds is ek ook besig om gedurig navorsing te doen oor nuwe tegnologie. Dit hou my brein aktief en as ek kyk na mede kollegas wat 2 of 3 jaar na my af getree het, en niks doen nie, het vining oud geword.*

*So ja, ek dink as jy aftree / uittree, moet jy n rede hê om elke dag op te staan anders raak jy gou oud.*

*Groete, Dries Els*

*Ns. As jy die oggend nie n rede het nie, soek net moeilikheid met jou vrou in bed, dan het jy gou n rede om op te staan.*



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd




Die oggendson het stadig oor die horison geklim en ’n goue gloed oor die rooi Namibsand uitgespoel. Die stilte is net onderbreek deur die veraf roep van ’n neushoringvoël en die sagte geknars van droë gras onder stewels. Ek het my hoed reggeskuif en teen die son in geknyp. Ek was van kleins af al ’n jagter, maar vandag was anders — vandag was ek agter ’n sebra aan, ’n ou hings, trots en sku, wie se spore ek al sedert dagbreek volg.

Die plaas strek oor kilometers se ruwe terrein, tussen klipkoppe en Melkbosse. Dié jagtog was nie net vir sport nie — dit was deel van die bestuur van wildgetalle op my familie se plaas. Die sebra-troppe het dié jaar goed gedoen, en die ou hings wat ek in die visier het, is onlangs deur ’n jonger mannetjie uit die trop gejaag.

Ek het by ’n stukkie omgewoelde sand gekniel en dit met my vingers uitgevee. Vars spore. Die hings is naby — dalk net oor die volgende rant.

Ek het stadig en stil beweeg, die wind reg in my gesig. My Mauser 7x57 (geweer) was ’n bekende gewig in my hande. By ’n granietkoppie het ek stilgestaan en die verkyker opgetel. Daar — sowat 800 meter verder — het die swart-en-wit strepe soos ’n fata morgana deur die gras geflits. ’n Klein trop het rustig gewei, maar die ou hings het eenkant gestaan, regop en waaksaam, sy kop hoog, oë skerp soos dié van ’n dier wat al menige droë seisoene oorleef het.
Ek het stadig asem uitgeblaas, my skouers ontspan. Ek het geweet, geduld bring die skoot. ek het gewag, die trop laat bedaar, die hings laat draai — sodat hy breedsy sou staan.

Die skoot het die stilte skerp gekloof — net een. Die klank het weerkaats teen die rotse. Die hings het geskok gespring, paar tree gegee, en toe inmekaar gesak. Ek het stil bly staan, nog deur die teleskoop gekyk tot ek seker was. Toe het ek opgestaan, die geweer oor my skouer geslinger en stadig na die sebra toe gestap.

Toe ek daar aankom, het die volle prag van die dier my getref — die gespierde lyf, die blink pels, die perfekte strepe, elkeen uniek soos 'n vingerafdruk. Daar was altyd daardie oomblik van respek — 'n stil erkenning van die lewe wat geneem is.

## ...nie net vir die jag nie,

Ek het gekniel, my hand op die sebra se skouer gelê. "Dankie," het ek fluister — "nie net vir die jag nie, maar vir die land, die dier, en die onbreekbare band tussen ons."

Bo my het die wind deur die dor takke van 'n Swarthak gesuis. Die Namibson het nou vining en hard begin bak, die koelte van die oggend weggebrand. Daar was nog werk om te doen — die karkas moes verwerk word, die vleis benut, die dokumentasie voltooi.

Maar vir daardie oomblik het ek net daar gestaan — stil, alleen, 'n figuur in die woestyn — saam met die wind, die stilte, en die strepe in die sand.

Die slagwerk het nie lank geneem nie – met geoefende hande het ek die vel verwyder en die vleis begin sny. Die reuk van vars wild het in die lug gehang.



Teen laatmiddag het ons by die vuur gesit. Die kole het gloeirooi gebrand toe ek die rib op die rooster sit/hang. Die vet het gesis, en die vleis het begin bruin word – geurige rook het om ons gewaai. Toe die vleis gaar was, het ons geëet – sappig, wild en heerlik. Die smaak van die veld, van harde werk en respek vir die natuur. Ons het daardie aand in stilte gesit.
Die vuur het stadig begin uitbrand, en die nag het om ons geval.
Die jag was klaar en ons magies vol.